Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 19 Desember 1951. Prys 3d. Nr. 5.

# Westerse Flaters Het Russe Versterk

**Die swak houding van die Westerse leiers in Korea, wat gelei het tot die ontslag van genl. MacArthur omdat hy aangedring het op 'n militêre beslissing in plaas van 'n kompromis met die Kommuniste het Rusland aansienlik versterk en was ten volle in ooreenstemming met Russiese oogmerke volgens die goed ingeligte blad Intelligence Digest.**

Die blad verklaar dat die huidige „treurige toestand" in Korea die gevolg van 'n reeks misrekenings was. Die feite van oorlogsvoorbereiding was lank voor die kommunistiese aanval op Suid-Korea aan die Westerse state bekend, net soos ook die Sjinese deelname later. **Die inligting is egter òf veronagsaam òf nie geglo nie.** Intussen is die propaganda geglo dat die Kommuniste teen Julie hierdie jaar vrede sou maak. **Al wat egter gebeur het is dat Rusland en Sjina in staat gestel was om so 'n sterk militêre posisie in Korea op te bou dat die wapenstilstand-konferensie 'n middel van Russiese beleid geword het eerder as 'n militêre kompromis terwille van die Kommuniste.**

Die blad toon aan hoe die Kommuniste se posisie in die lug en ten opsigte van artillerie verbeter het en **dat die Russiese oormag in die lug juis die gevolg was van die Britse flater om spuitvliegtuie aan Rusland te verkoop. Hierdie transaksie het die Russe 15 jaar navorsing op die gebied van spuitvliegtuie bespaar en vandag is die Russe in die oë van baie waarnemers die res van die wêreld ver voor op hierdie gebied.**

Ten spyte van hierdie foute kon die oorlog in Korea tot 'n geslaagde einde gebring geword het indien diegene wat dit gevoer het se hande nie gebind was nie. Die vrees het bestaan dat besliste optrede (soos MacArthur voorgestel het) tot 'n wêreldoorlog sou lei. Maar ook hierin was die Westerse politici verkeerd ingelig. Rusland was nie bereid om in 1951 oorlog te voer nie weens die Amerikaanse oppermag in atoomwapens. Vandag staan hy op hierdie gebied ook veel sterker.

Intussen is die Westerse lande gebind tot 'n uitgerekte oorlog in Korea — wat hulle juis

(Vervolg op bls. 4, kol. 5.)

# 1951 BEKLEMTOON O.B. SE NOODSAAKLIKHEID

**Die jaar 1951 — die dertiende jaar van die Ossewabrandwag se bestaan — was in meer as een opsig 'n beslissende jaar vir die beweging. Dit was nie 'n skouspelagtige jaar nie. Inteendeel vir menige lid en ondersteuner van die Ossewabrandwag was dit ongetwyfeld 'n prosaïese jaar. Nietemin het die beweging gedurende hierdie jaar deurslaggewende beslissings geneem. Die hele betekenis van die beslissings sal in 1952 en die daaropvolgende jare ten volle ontvou.**

**Die jaar wat nou amper verby is het die aangevang met 'n partypolitieke patroon waarin die Ossewabrandwag ook geweef was. Nie in die voorgrond nie maar as deel van die agtergrond. En wel op die volgende wyse: Die Herenigde Nasionale Party was in koalisie met die Afrikanerparty en die Afrikanerparty het hoofsaaklik bestaan uit O.B.-lede wat met behoud van hul „nie-partypolitieke identiteit" lid geword het.**

In die loop van die jaar het die sogenaamde samesmelting van die partye plaasgevind. In der waarheid het die H.N.P. slegs sy naam na die Nasionale Party verander en die Afrikaner Party ingelyf met die voorbehoud dat A.P.-lede wat by die Nasionale Party aansluit eers moet verklaar dat hulle nie aan „'n organisasie met 'n politieke strekking" behoort nie. As gevolg van hierdie slim plan om die O.B. enersyds te ignoreer en andersyds te isoleer is die lewe van die beweging bedreig — egter sonder dat hy as sodanig aangeval is. Dit was oulik.

Dit het die Ossewabrandwag voor 'n moeilike keuse gestel. Hy moes homself verdedig sonder om die beskuldiging uit te lok dat hy die „eenheid" wat die partye bewerk het, aanval.

Die vyande van die O.B. het stellig verwag dat hy noodgedwonge in die buik van die Afrikanerparty sou gaan wegkruip, waardeur die H.N.P. in staat gestel sou word om 'n geswolle Afrikanerparty te kan inlyf sonder erkenning (selfs met miskenning) van die Ossewabrandwag.

### EENHEID NIE VERHINDER

**Maar die O.B. het nie daarvoor gevoel om die politieke partye se „eenheid" aan te val nie. Trouens, die Grootraad het besluit om die „eenwording" te verwelkom.** Die O.B. het ook hoegenaamd nie in die buik van die Afrikanerparty gaan wegkruip nie. Inteendeel, die Grootraad het dankbare gebruik gemaak van die „samesmelting" van die politieke partye om die hoofstuk oor die O.B. se skakeling met die partye finaal en onherroeplik af te sluit.

**Die O.B. het hom geheel en al onttrek aan die partypolitiek. Hy het opnuut beklemtoon dat hy 'n volkspolitieke organisasie is en as sodanig voortaan 'n volkome selfstandige rol sal speel.** Sy werksaamhede sal nie ingeperk word deur gebeurtenisse op die partypolitieke terrein nie en sy uitsprake sal nie ingekort word deur die voornemens van die partypolitici nie. Hiermee het die O.B. kennis gegee van sy volkome vryheid om in die toekoms enige aksie te neem en enige standpunt te stel wat hy noodsaaklik of in belang van die volk mag ag.

Die betekenis van hierdie beslissing is eenvoudig. Die O.B. gaan in die toekoms self veg vir die ideale wat hy bely. Dit spreek vanself dat die gevolge van hierdie beslissing eers in die aanstaande en daaropvolgende jare sigbare gestalte sal aanneem.

Gedurende hierdie dertiende jaar van sy bestaan het die O.B. opnuut en by herhaling besliste standpunt ingeneem ten aansien van verskillende aangeleenthede wat vir die Afrikanervolk lewensbelangrik is. Hierdie optrede gaan onvermydelik in die toekoms eise aan die O.B. stel wat hy nie sal kan ontwyk nie.

## DIE REPUBLIEK

**Die O.B. het hom onomwonde uitgespreek ten gunste van die omskepping van Suid-Afrika tot 'n republiek;** bowendien het die O.B. te kenne gegee dat republiekwording dringend is en derhalwe 'n praktiese politieke kwessie geword het — wat nie langer op die lange baan geskuif mag word nie.

Die O.B. is gekant daarteen dat Suid-Afrika 'n koninkryk van Sy Britse Majesteit moet wees — die monargisme druis in teen ons volk se geaardheid en opvattings. **Die O.B. verwerp geheel en al die partypolitieke kompromis om ons land om te skep in 'n koningsrepubliek.**

**Bowendien het die O.B. verklaar dat hy hom sal verset teen die gevaarlike beleid van ineenstrengeling van Britse gebiede en belange wat tans gevolg word — in Suid-Afrika deur sowel die regering as die opposisie. Die Britse Ryk en die Britse Statebond word tans saamgevleg tot 'n onlosmakelike eenheid en die soewerein onafhanklike koninkryk van Suid-Afrika word in hierdie eenheid geweef deurdat sy politieke, ekonomiese en militêre lewe met die res geïntegreer word — tot so 'n mate dat Suid-Afrika sy selfstandigheid inboet terwille van lidmaatskap aan die groter Britse geheel.**

**Hierdie beleid bots met die vryheidstrewe van ons volk en derhalwe bots die O.B. met hierdie beleid.**

## HERVORMINGS

**Die O.B. het verklaar dat hervormings op politieke, ekonomiese en maatskaplike gebied noodsaaklik geword het.**

Hy het hom veral ten gunste van die afskaffing van die verderflike partystelsel uitgespreek. **Die O.B. wil regering hê deur 'n president wat die volk verkies het, instede van regering deur die leier van die sterkste politieke party; hy wil die senaat, wat die baantjiesoord van die politieke partye geword het, afskaf en in sy plek 'n gemeenskapsraad stel van kultuur- beroeps- en bedryfsverteenwoordigers. Hy wil die volksraad in ere herstel deur te sorg dat die lede van die raad vrye volksverteenwoordigers is èn nie slaafse partyverteenwoordigers wat onder die plak van die partykoukus staan nie.**

Die O.B. glo dat die ekonomiese nood waarin ons volk tans verkeer — en wat steeds erger word — slegs gelenig sal word deur middel van deurtastende ekonomiese hervormings op die wortel enersyds, van minder burokrasie en meer selfregering vir die beroepe en die bedrywe; en andersyds, van minder winsbejag en meer koöperatiewe diens.

Deur die hervormings wat hy beoog wil die O.B. 'n herskepping in Suid-Afrika teweegbring sodat die verstarde beskouings en instellings van ons volk verjong kan word. Hierdie strewe van die O.B. sal in die jare wat voorlê altyd meer en altyd helderder voorgelig moet word.

## OORLOG

**Die O.B. het 'n belangrike beslissing gevel toe hy hom uitgespreek het teen die regering en die opposisie se beleid om Suid-Afrika by voorbaat en onvoorwaardelik te verbind tot deelname aan 'n derde wêreldoorlog.**

Die O.B. wil nie hê dat Suid-Afrika as 'n ondergeskikte en 'n onderdanige deel van die groter Britse geheel aan die oorlog moet deelneem nie. **Hy eis dat Suid-Afrika as 'n selfstandige land deelneem op voorwaarde dat bepaalde doelstellings wat vir Suid-Afrika lewensbelangrik is deur sy bondgenote erken sal word as sy wettige oorlogsoogmerke. Dit sluit o.a. in die erkenning deur sy bondgenote (wat hom vandag in die V.V.O. heftig beveg) van Suid-Afrika se reg om die blanke heerskappy in Suid-Afrika, sowel as op die vasteland van Afrika, te handhaaf, deur uitvoering van die beleid van algehele apartheid.**

**Die O.B. is oortuig dat sy beleid van voorwaardelike deelname aan die oorlog die enigste beleid is waardeur nie alleen Suid-Afrika se lewensbelange gedien sal word nie, maar waardeur ook Suid-Afrika se bondgenote gedwing sal word om sy lewensbelange te erken en te respekteer.**

## APARTHEID

**Die O.B. stel hom seeds op die standpunt dat algehele apartheid die enigste beleid**

(Vervolg op bls. 6, kol. 1.)

## KANTOOR SLUIT VIR 'N WEEK

**Die O.B.-hoofkwartier in Kaapstad sal van 24 Desember tot 3 Januarie gesluit wees.**

**Daar sal ook geen O.B.-blad vir die volgende twee weke verskyn nie. Ons eerste uitgawe is weer op 9 Januarie.**

# STALIN SE ASIATE BEVOLK EUROPA

**Die voormalige Duitse kultuursentrums in die ooste — Danzig en Elbing, wat deur die Pole eers van Duitsers skoongeveeg en daarna met minderwaardige elemente bevolk is, word tans as een van die mees ongeletterde landstreke in Europa beskou. Volgens professor Oberländer van Beiere onlangs meegedeel het, is daar in die Duitse gebiede ten ooste van die Oder-Neisse reeds 650,000 Mongole ingevoer as permanente arbeiders, en in die stede Beuthen en Königshütte word ganse stadsgedeeltes reeds deur hierdie Asiate bewoon. Verder word reëlings getref vir die invoer van 2,500,000 Sjinese in daardie gebiede.**

**Die Russiese voorneme is om die Westerse beskawing so ver moontlik terug te druk deur die verasiatisering van die landstreke waaruit miljoene Duitsers met Geallieerde instemming verdryf is.**

Daar is so pas deur die Westerse moondhede beraadslaag oor die oplossing van die „vlugtelingsvraagstuk" in Duitsland en as deel van die oplossing is aan die hand gedoen dat die Westerse lande soveel moontlik van die 15,000,000 Duitse uitgedrewenes as immigrante moet opneem.

**Hierdie toestand onderstreep die dwase beleid van die Westerse politici wat toegelaat het dat die Russe met eersgenoemde se volle toestemming 15,000,000 Westerlinge terugdryf en hul plekke nou vul met Asiate uit die Verre Ooste.**

**Stalin het oneindig veel veld gewen nog voordat een enkele skoot in die stryd tussen Oos en Wes afgevuur is.**

En dit is nou onder andere Suid-Afrika se taak om vir hierdie dwaashede te gaan vergoed met sy eie bloed in 'n komende oorlog.

# HANDELSBANDE MET EMPIRE AL NOUER

**Suid-Afrika is op een na nog steeds Brittanje se beste klant, en die handel tussen die Unie en Brittanje neem nog steeds toe volgens 'n verklaring van die Britse hoë kommissaris in die Unie, sir John le Rougetel.**

**Dit blyk dat 35 persent van die Unie se invoer van Brittanje afkomstig is, terwyl 25 persent van die Unie se totale uitvoer na Brittanje gaan.**

**By verre weg die grootste deel van die Unie se handel word met die Britse Statebond gedryf. Van ons totale invoer lewer die Britse Statebond 86 persent terwyl 69 persent van ons uitvoer na Statebondslande gaan.**

**Sir John het gesê dat die handel tussen die Unie en Brittanje en die Unie en die res van die Britse Statebond die afgelope jaar aansienlik toegeneem**

DIE O.B., WOENSDAG, 19 DESEMBER 1951

# S.W.A. WERP LIG OP ONS OORLOGSBELEID

Die aankondiging van die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, verlede week dat Suid-Afrika hom voorlopig aan die V.V.O. onttrek behalwe ten opsigte van besprekings oor ontwapening en Korea, bring weereens die wenke van die onderleier van die Ossewabrandwag, mnr. J. A. Smith, wat 'n paar weke gelede in Die O.B. verskyn het, na vore. **In sy verklaring het mnr. Smith die noodsaaklikheid beklemtoon dat die Unie bepaalde eise ten opsigte van sy eie posisie in Afrika aan die groot moondhede moet stel alvorens hy hom verbind tot oorlogsdeelname.** Die gebeure op die V.V.O. wat tot Suid-Afrika se tydelike onttrekking gelei het, onderstreep die noodsaaklikheid van so 'n beleid. By behandeling van 'n klag oor die posisie van die paar duisend Herero's in Suidwes-Afrika en die Unie se reaksie daarop in die Voogdyraad het agt lande 'n voorstel ingedien wat by die Unie aandring om die beraadslaginge binne die raad te hervat — natuurlik op grond van die besluit dat die Herero's toegelaat sal word om die Voogdyraad toe te spreek. **Hierdie agt lande was Cuba, Denemarke, Ecuador, Egipte, Irak, die Filippyne, Siam en . . . die Verenigde State! Brittanje, Suid-Afrika se „susterstaat" binne die Britse Statebond het verkies om buite stemming te bly. Dit was soveel steun as wat hierdie „suster" bereid was om aan Suid-Afrika te gee.**

### VERWYT HELP NIE

**Dit is opvallend dat dr. Malan sy verklaring afsluit met 'n verwytende verwysing na Suid-Afrika se aandeel in Korea. Dit beklemtoon ons stelling in die uitgawe van 28 November dat 'n mens in die gewetenlose en wispelturige wêreldpolitiek jou eise moet stel solank ander oor jou verleë is en nie bloot moet staat maak op die verbygaande welwillendheid van oorlogsbondgenote nie.** In dié verband het ons woordeliks verklaar:

> **„Sal Suid-Afrika ná 'n geslaagde oorlog kan staat maak op die blote erkentlikheid van die groot moondhede om ons blanke seggenskap in Suid-Afrika te aanvaar sonder liberalistiese inmenging soos tans in die V.V.O. geskied? Suid-Afrika het onder genl. Smuts ook sy ‚plig gedoen' en hy het heelwat lof ontvang vir sy aandeel in die Tweede Wêreldoorlog, maar ten spyte daarvan staan hy nog steeds in die beskuldigingsbank van die oorwinnende moondhede in die V.V.O. Bewys dit nie dat 'n klein landjie VOORAF sy regte moet verseker voordat hy hom in groot lande se sake bemoei nie?"**

Die feit dat Suid-Afrika aan die oorlog in Korea deelneem en groot lof van Amerikaanse kant inoes vir sy aandeel daar, verhinder nie dat Amerika in geselskap van lande wat, soos dr. Malan tereg opmerk, „nog nooit bereid was om selfs 'n vinger te verroer om gewapende aggressie te weerstaan nie," Suid-Afrika onderwerp aan sy aggressiewe liberalistiese inmenging nie. En dit geskied ook nadat Suid-Afrika by monde van ons Regering reeds buitengewoon groot verpligtinge ter verdediging van die Midde-Ooste aanvaar het. **Wat gaan die Unie dan bereik met sy deelname aan 'n oorlog om kommunistiese gelykstelling tussen blank en swart te verhoed as hy na die oorlog weerloos sal staan teen Amerikaanse eise om gelykstelling tussen blank en swart? Watter beveiliging het die oorlog dan vir die witman in Suid-Afrika gebring — die oorlog wat net deur blanke bloed beseël sal word?**

### KLAAR BEWYS

Is die stelling van die Adjunk-leier van die Ossewabrandwag dan nie reeds klaar bewys nie? — naamlik:

> **„Nadat die gevaar van 'n swart oorheersing onder Russies-kommunistiese vlag afgeweer is, mag Afrika nie oorgelewer word aan 'n swart oorheersing onder die vaandel van Britse of Amerikaanse liberalisme nie."**

In die lig van wat op die V.V.O. gebeur, waar die Unie ten opsigte van so 'n flagrante onwettige inmenging in sy huishoudelike sake nie eens die steun van „moeder" of „suster" Brittanje geniet nie en te doen kry met die aktiewe liberalistiese ingryping van sy senior bondgenoot in die oorlog teen Rusland, word dit noodsaaklik dat die Regering sy beleid van onvoorwaardelike oorlogsdeelname sonder versuim in hersiening neem. Eise ten opsigte van die witman se posisie in Afrika moet NOU en VOOR die oorlog uitdruklik aan Amerika en Brittanje gestel word en 'n waarborg vir die verdeling van Afrika in blanke en nie-blanke state moet NOU verkry word. **So nie, moet die Regering sy ondernemings teenoor die Empire en Amerika in hiersiening neem.**

Daar mag diegene wees wat sal wil beweer dat Suid-Afrika sy oorlogsverpligtinge maar stilswygend moet aanvaar en uitvoer omdat hy te swak staan teenoor die groot moondhede. **Of Amerika, die sogenaamde „kampvegter vir vryheid," dit sal waag om aggressief teenoor Suid-Afrika op te tree as hy sy aandeel aan 'n oorlog weier, is hoogs onwaarskynlik in die aangesig van die propagandamunt wat die Russe uit so 'n optrede sal slaan. Daarom beklemtoon ons by herhaling dat dit NOU VÓÓR DIE OORLOG die tyd is om ons eise vir 'n blanke Afrika te stel, en nie eers na die oorlog nie wanneer Amerika as wêreldkampioen sy aggressiewe liberalisme kan laat botvier teen sy voormalige bondgenote soos hy dit nou al doen teenoor sy aktiewe bondgenote.**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

Maar veronderstel dat Amerika tog dwaas genoeg sal wees om aggressie teen Suid-Afrika te pleeg, wat is die uiteindelike verskil? **Dan veg ons — as ons wil veg — ten minste vir die vryheid van Suid-Afrika en nie vir die vryheid van Amerika en Brittanje om die witman in Afrika te likwideer nie. Aan die uitslag van ons blanke onderwerping sal dit hoegenaamd geen verskil maak nie — wel spaar dit ons die selfverwyt dat ons vergeefs ons bloed in die Midde-Ooste vir Amerikaanse belange gestort het.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Moet Fantasielewe laat vaar*

By geleentheid van die gradeplegtigheid aan die Universiteit van Stellenbosch wat verlede week plaasgevind het, het dr. Karl Bremer, minister van gesondheid en volkswelsyn, gepraat oor beroepsopleiding. Hy het gesê dat daar gedurende die afgelope dertig jaar geen ernstige stappe in die rigting van „broodopleiding" gedoen is nie, en as gevolg van hierdie versuim het die armlastige probleme van die land baie groter geword.

Afgesien van die pleidooi vir beplande beroepsopleiding het dr. Bremer die waarskuwing uitgespreek dat ons die fantasielewe sal moet laat vaar ten einde ons lewe in ooreenstemming met die werklikheid te bring. Dr. Bremer se pleidooi behoort die ernstige aandag van die regering te geniet; net soos sy waarskuwing deur die volk ter harte behoort geneem te word.

Die minister se redevoering het my gedagtes 'n twintig, vyf-en-twintig jaar laat teruggaan toe die armblake-vraagstuk deur die partypolitici na vore gebring is. In daardie jare was die armblanke-vraagstuk net so 'n dringende en allesoorheersende vraagstuk soos wat die kleurvraagstuk vandag is. En die partykandidaat wat destyds oor die armblanke-vraagstuk gepraat het was so reg in die politieke mode — net soos die kandidaat is wat vandag oor die kleurvraagstuk praat.

### *Die Armblanke-vraagstuk*

Maar die mode het oënskynlik verbygegaan want in die afgelope aantal jare hoor 'n mens niks meer van die armblanke-vraagstuk nie. Die vraag ontstaan: Sou die vraagstuk dan opgelos wees? Wat is die huidige posisie ten aansien van arme blankes in ons land? Bestaan daar glad nie meer sulke mense nie? Is daar net hier en daar in ons land nog arme blankes, en is hulle so skaars dat 'n mens hulle met 'n vergrootglas moet soek? Ek dink nie so nie. Ek dink ons land is vol armblankes en ek vrees dat hulle getalle aan die styg is.

In Kaapstad is daar 'n weeklikse koerant wat sy kolomme beskikbaar gestel het vir hulpaansoeke deur verdienstelike armes — en ek het my verbaas oor die omvang van die hulp waarom aansoek gedoen word. Uit die verslae van welsynsorganisasies blyk baie duidelik dat die beskikbare aanbod hoegenaamd nie toereikend is om in die stygende vraag te voorsien nie. Die welsynsdienste van die staat sluk jaarliks groter en groter bedrae in en nogtans blyk die reuse-bedrae onvoldoende te wees om in die aanwassende behoeftes te voorsien. Trouens uit die mond van die minister van volkswelsyn verneem ons dat die armlastige probleme van die land groter geword het en nie kleiner nie.

### *Hy het Onbruikbaar geword*

In 1910 het die MacMillan-verslag oor die armblanke-vraagstuk die aantal arme blankes op 10,000 gestel. In 1932 het die Carnegie-verslag oor dieselfde vraagstuk die getal op 300,000 gestel. En na die Tweede Wêreldoorlog het dr. J. M. Latsky, voormalige voedingsbeampte van die departement van gesondheid (tans aan die V.V.O. se gesondheidsafdeling verbonde) geskat dat daar 800,000 blankes in ons land onder die broodlyn lewe.

Ten spyte van die onrusbarende toename in hulpbehoewende en welsynsdienste wat gelewer word, bestaan daar deesdae, sover dit die partypolitiek betref, glad nie meer 'n armblanke-vraagstuk nie.

So is die partypolitiek. Die beroepspolitici ry 'n vraagstuk so holrug dat hy naderhand onbruikbaar word. Dan kan hulle daarmee nie meer stemme injaag nie, want die kiesers raak nie meer deur die vraagstuk op hol nie. Dan verdwyn die vraagstuk uit die rakke van die partypolitiek, en 'n ander vraagstuk neem sy plek in, waarmee die politici nuwe klandisie (of stemme) kan lok.

Maar wat word dan van die vraagstuk? Hy vererger maar steeds totdat hy later in nuwe gedaantes op verskeie onverwagte plekke uitslaan. Dan sak die beroepspolitici op die nuwe probleme toe, en daarmee jaag hulle maar weer agter stemme aan.

Ek voorspel dat as die ekonomiese toestande voortduur wat vandag is ons land heers en wat die middestand se spaargeld opslurp en die laerinkomste groepe steeds meer afhanklik maak van staatshulp, dan sal die partypolitici eersdaags weer die armblanke-vraagstuk na vore bring.

### *Klein Plase of Grondbelasting*

Daar is sommige ryk boere in ons land wat beweer dat hulle verplig word om produksie in te kort teneinde hulle inkomste te verminder sodat hulle oorwinsbelasting kan vryspring. Hulle standpunt is dat die belastingstelsel hulle dwing om „bywoners" van die regering te wees. Dit is baie sterk uitgedruk. Hulle bedoel daarmee dat hulle liewer stilsit en nie produseer nie as om tot twee-derdes van hulle inkomste, in die vorm van belasting aan die regering, oor te betaal.

Hoewel 'n mens die standpunt kan verstaan skep dit tog 'n onhoudbare posisie, vernaamlik in hierdie dae wanneer, oral in die wêreld, alles in die werk gestel moet word om die produksie van voedsel so hoog as moontlik op te skuif. Die regering sal ongetwyfeld aandag aan die saak moet skenk.

Dit lyk vir my dat die oplossing geleë is in die beperking van die grootte van plase of in die heffing van 'n algemene grondbelasting.

Indien daar bv. bepaal word dat 'n vrugteboer, 'n saaiboer, 'n skaapboer, 'n beesboer, ens. nie meer as soveel of soveel morge grond mag besit nie, dan sal dit uit die aard van die plaas se grootte onmoontlik wees vir individuele boere om so 'n groot inkomste te hê uit hul boerdery dat hulle hulle produksie sal inkort om oorwinsbelasting vry te spring. Dit sal beteken dat daar meer boere op kleiner plase sal wees en dat die landbouproduksie noodwendig sal toeneem. Vandag is ons boerebevolking besig om kleiner te word. Ek sal graag wil sien dat die teenoorgestelde proses aan die gang gesit word.

Indien daar 'n algemene grondbelasting gehef word dan lyk dit onvermydelik dat elke boer verplig sal word om ooreenkomstig die vermoë van sy grond te produseer ten einde in staat te wees om die verpligte belasting te betaal. Op hierdie manier sal landbouproduksie ook aangemoedig word.

Daarom lyk dit vir my dat een van hierdie twee weë aangewese is om te dien as die grondslag van enige hervorming van die landboubelastingstelsel.

### *Net 'n Sikspens in die Pond vir hom*

Hoewel die boere in ons land rede mag hê om te kla oor die heersende belastingstelsel, glo ek darem nie dat hulle soveel rede het om te kla soos wat die Engelse in Engeland bv. het nie. Ek verstaan dat mnr. Churchill, die Britse eerste minister, soveel as 19/6 in die £ aan inkomstebelasting moet betaal. Ek weet nie wat sy inkomste is nie, maar ek weet dat as 'n persoon 'n inkomste van £100,000 per jaar het hy maar mooitjies £94,000 vir inkomstebelasting aan die Britse regering moet betaal. Dit beteken dat hy maar net £6,000 vir homself oorhou. 'n Mens mag redeneer dat 'n inkomste van £6,000 per jaar groot genoeg is vir enige man. Dit mag so wees. Maar dan is daardie persoon darem ongetwyfeld niks anders as 'n „bywoner" van sy regering nie.

Dit is algemeen bekend dat mnr. Churchill sy herinneringe van die Tweede Wêreldoorlog in lywige boekdele opgeteken het. Hy het die outeursregte aan 'n Amerikaanse uitgewersfirma verkoop vir die reuse-bedrag van 250,000 dollars. Toe mnr. Churchill die geld ontvang moes hy natuurlik daarop inkomstebelasting betaal. Hy moes 230,000 dollars aan die Britse regering as belasting oorbetaal, wat beteken het dat hy slegs 20,000 dollars van die oorspronklike kwartmiljoen vir homself oorgehou het.

Dit is darem kwaai. Geen wonder dat mnr. Churchill gekant is teen die „sosialisme" van die Arbeidersparty nie. Sal hy die Britse belastingstelsel verander? Ek glo nie, want hy kan nie al wil hy ook. Brittanje moet sy staatsinkomste vermeerder, nie verminder nie.

Hierdie enkele aangeleentheid duí vir my aan dat drastiese ekonomiese hervorming in Brittanje miskien nog noodsaakliker is as wat dit in ons eie land is.

### *Eretitels vir die Verloor-party*

Ek wonder wanneer die partypolitici in Suid-Afrika die toekenning van eretitels in gebruik gaan neem. Die partypolitiek, in enige land, sleep met hom 'n leërskare van handlangers saam wat beloon moet word sodra die betrokke party daarin slaag om die landsbewind buit te maak. Daar is nie altyd genoeg baantjies om elkeen te beloon nie.

In die ouer lande, met groot bevolkings, word lankal gebruik gemaak van eretitels om die bestaande baantjies wat beskikbaar is aan te vul. Ek hoop tog nie dat die partypolitiek hierdie gebruik, selfs in 'n gewysigde vorm, na ons land gaan invoer nie.

Dit is vir my interessant dat dit gebruiklik geword het in Engeland om nie alleen die wen-

(Vervolg op bls. 3, kol. 1.)

# SUEZ-KANAAL IN GEVAAR VIR ENGELAND

**Die gevoeligste en mees belangrike waterstraat van die wêreld, die Suez-kanaal, is die voorwerp van 'n botsing tussen Egipte en Engeland. Vyf-en-twintigduisend arbeiders het in die hitte van 'n genadelose son en met die sweet in hulle gesigte sewe jaar (1862-'69) lank die kanaal gegrawe. Die beroemde Verdi het vir die feestelike opening sy onsterflike opera „Aïda" gekomponeer.**

**Vandag, 72 jaar later, probeer die — op 'n ander wyse — ook beroemde Churchill deur 'n „simfonie van die swaard" honderdduisende mense vir die Suez-kanaal te laat doodbloei. Persië was die ouverture in die stryd van die Mohammedane teen Engeland.**

Deur Ski

Die Kosmos beweeg net soos 'n horlosie. Gebeurtenisse vind plaas net wanneer die tyd daarvoor ryp is. En die geskiedenis registreer dat Engeland se tyd afgeloop is ongeag Churchill se pogings om Engeland se aftakeling tot stilstand te bring.

Dit kan wees dat die beroemde swaarddanser in sy wanhopige poging om Engeland te red op die idee gekom het dat Engeland se redding alleen deur 'n oorlog kan kom. As dit die geval is dan sal die honderde miljoen mense van die Westerse beskawing en van die Mohammedaanse geloof, hulle stemme daarteen verhef.

Indien die nasionale volke wat onder die heerskappy van Engeland staan, verenig was en vir die vryheid van hulle volke nie alleen met die mond nie, maar wel met die daad gestry het, sou Engeland se lot al sedert maande verseël gewees het.

### TOESTAND ANDERS

Voorheen het die moontlikheid bestaan dat Amerika akkoord sou gegaan het om die uitklophou aan Engeland toe te dien. Maar vandag is die posisie anders. Churchill is aan die hoof en het Truman die groot noodsein gegee. Baruch sal instap en die bankrotskap van Engeland vermy. Engeland het sedert die einde van die oorlog twee **rentelose miljarde** lenings en **nie-terugbetaalbare Marshall-hulp** ontvang. En tog is hy al amper bankrot. Churchill sal alle militêre hulp aan Truman beloof en alle eise van Amerika aanvaar. Hy sal Engeland aan Amerika uitverkoop net soos Adenauer met Duitsland gedoen het.

Die groep Jode wat veral in Engeland se geldelike toestand belangstel is W. Kiplinger, Walter Lippman, De Witt Wallace, G. Sokolsky, Arthur Krock en Manus Baruch. Vir hulle is dit uitsluitend 'n kwessie van goeie besigheid.

**Die Amerikaanse inspuitings sal Engeland nog vir 'n sekere tyd laat lewe, ten minste solank as Baruch-Frankfurter-Morgenthau dit as noodsaaklik beskou. Maar die reaksie sal hom uiteindelik laat beswyk.**

### PERSIë

In die Persiese geval het die Amerikaanse generale staf dit reggekry om Engeland daarvan te weerhou om troepe en slagskepe na Persië te stuur, aangesien die Westerse moondhede 15 keer meer olie het as Rusland. In die geval van die Seuz-kanaal is Amerika in 'n moeilike posisie — die Seuz-kanaal is 'n lewensaar van die hele wêreld.

**Hoe waardevol die Suez-kanaal vir Engeland is, kan 'n mens eers begryp as jy weet dat Engeland in die Suez-omgewing meer as 100,000 soldate en 2,000 loodse en vliegtuie het. Die getal is natuurlik deur Churchill nog verhoog.**

Die Suez-kanaal is geen tegniese prestasie van ons eeu nie. Reeds honderde jare voor Christus het die volke aan die landengte tussen Afrika en Asië die voordeel van 'n kanaal wat die Middellandse See en die Rooi See sou verbind, besef. So is die eerste kanaal onder die Farao Seti I en Ramses II gebou. Die kanaal het gestrek van die Nyl tot die Bitter See en vandaar tot die Rooi See en was 200 myl lank.

### SPOEL TOE

Die grond, wat uit pure sand bestaan het, het die kanaal gou laat versand. Toe laat Darius I, die koning van die Perse, die kanaal weer oop maak en die Egiptiese heerser Ptolemäus Philadelphus het daarvoor gesorg dat die kanaal bevaarbaar was. Die Romeine het die kanaal tot die sesde eeu na Christus bevaarbaar gehou.

In die jaar 1798 was Napoleon I van plan om die landengte te deurgrawe. Eers in 1862 het die Franse ingenieur, Leseps, Napoleon se idee begin uitvoer.

**Engeland wat sy vlag oor die Suez-kanaal vandag laat wapper, was in daardie tyd die grootste vyand van Frankryk en van Leseps se planne.**

Gedurende die tyd toe die kanaal gebou word het Leseps en sy maatskappy aan 'n geldtekort gely. So kon die bou net met die hulp van die Khedive ('n Persiese titel-onderkoning) van Egipte aangaan. Vir die finansiële hulp wat die Khedive aan die maatskappy verleen het, het hy later 'n taamlike groot aantal aandele gekry. Maar sy seun en opvolger Ismail, wat altyd in geldnood was, het die aandele vir die Franse regering aangebied. Die Franse wou dit nie koop nie.

### BRITTANJE KOOP AANDEEL

**En toe tree die Jode op die toneel. Op dringende aanbeveling van die bankier Rothschild koop die eerste minister van Engeland, die Jood Disraeli, die aandele en daardeur word Engeland die hoofdeelhebber aan die Suez-kanaalmaatskappy.**

Die kanaal is 'n belangrike verkeersweg vir die hele wêreld. Deur die gebruikmaking van die kanaal bespaar die skeepvaartmaatskappye omtrent 50 persent aan onkoste. In die laaste jaar het 8,600 skepe deur die kanaal gevaar. Die opbrengs van die laaste jaar was 16.5 miljard Franse frank. Hiervan was 7.8 miljard skoon profyt.

Die Egiptenare maak beswaar dat hulle van die 32 setels in die administrasie van die maatskappy net 5 verkry het en dat hulle nie die reg toegestaan word om aandele te koop nie.

### NUWE KANAAL?

Engelse koerante weeklaag oor smaad en skande, daar Engeland reeds gesê het dat hulle die troepe in 1956 sal ontruim. Maar die Egiptenare ken die Engelse en weet wat sulke gebare beteken.

**En die Egiptenare weet nog meer, hulle is bewus van Joods-Engelse planne vir die bou van 'n nuwe kanaal wat nie deur Egiptiese gebied sal loop nie. Die nuwe kanaal sal by Akaba, 'n dorp aan die Rooi See, begin en oor Israel se gebied by Jaza oor Tuffa in die Middellandse See uitloop.**

**Dié plan van die nuwe kanaal was en is saam met die planne van die ontginning van die Dooie See in Palestina die Sionisme se droom van wêreld-**

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van voorgaande kol.)

**heerskappy.** Die geestelike en finansiële leiers in die strewe na wêreldheerskappy is Craim Weizman, die president van Israel, en Manus Baruch, die keiser van kapitalisme.

**Die enigste volk wat as staat hom verset teen die aanmatigende optrede van die Jodedom is die Egiptenare.** Wat vandag in Egipte plaasvind het 2 jaar gelede by die 100-jarige sterfdagherdenking van Mohamed Ali Pascha begin. Pascha was die patriot vir die huidige moderne Egipte. Die huldiging van Pascha is tot 'n demonstrasie vir die Egiptiese onafhanklikheid gemodelleer.

**Egipte wil geen vreemde heerskappy meer hê nie. Die nasionale eise van die Egiptenare is nie alleen die Suez-kanaal nie, maar ook die Sudan. Die Egiptiese regering en volk wil die eenheid hê van die Nyllaagte.**

## *Van die Os op die Esel*

(Vervolg van bls. 2, kol. 5.)

party te beloon nie, maar ook die verloorparty. Dit is wel waar dat die verloorparty aangewese is slegs op eretitels. Maar nogtans.

In Brittanje is dit 'n hoë onderskeiding as aan iemand die Order of Merit toegeken word. Die toekenning van hierdie eretitel is beperk tot net 24 lewende persone. Dit word toegeken aan persone wat uitstaande prestasies gelewer het op die een of ander gebied. Die eretitel is bv. toegeken aan genl. Dwight Eisenhower, die militêre leier; T. S. Elliot, die digter; Vaughan Williams, die komponis, ens. Nou het die partypolitiek hierdie eretitel ingepalm en dit word tans uitgedeel as 'n troosprys aan die leier van die verloorparty. Nadat mnr. Churchill die vorige verkiesing verloor het, het hy die O.M. ontvang; en nadat mnr. Attlee die jongste verkiesing verloor het, het hy ook die O.M. ontvang. Ander lede van die verloorparty ontvang gewoonlik 'n minder onderskeidende titel, maar hulle kry darem ook iets.

In Suid-Afrika kry die leiers van die verloorparty nie eretitels nie. Maar tydens die jongste parlementsitting is besluit dat die beroepspolitici wat hul setels by 'n verkiesing verloor darem pensioen sal kry. Dit is miskien nie so onderskeidend nie, maar dit is darem baie welkom.

### *Gelukkige Kersfees*

Met hierdie uitgawe sluit Die O.B. die jaar 1951 af. Dit is derhalwe ook die laaste geselsie in hierdie jaar wat ek met my lesers sal voer. Aanstaande jaar, as die Here dit wil, sal ons mekaar op 9 Januarie weer spreek.

Ek wil beken dat ek my weeklikse geselsies met u baie geniet het. Sommige van my lesers het saamgesels, ander het geskryf dat hulle maar net „luister," omdat hulle die geselskap aangenaam vind. Ek wil al my lesers baie hartlik bedank vir hulle medewerking en hulle belangstelling. Ek wil die hoop uitspreek dat ons geselskring aanstaande jaar sal toeneem in bespreking en hartlikheid.

Nog 'n jaar het omgevlieg. Ons gaan binnekort almal rus en ontspan saam met ons familie en vriende. My wens is dat al my lesers en leseresse (die grotes en die kleintjies, die kwaaies en die makkes) 'n baie aangename en gelukkige Kersfees sal deurbring — in die ware gees van die Groot Gebeurtenis wat ons herdenk. Laat die kersseisoen vir ons almal 'n reiniging wees sodat ons die Nuwe Jaar met skoon harte en opregte bedoelings kan ingaan.

# STAAL BAIE NODIG DOG FABRIEKE BEPERK

**'n Voorbeeld van die Westerse politici se onvermoë om los te ruk uit hul verouderde vooroordele in die aangesig van 'n nuwe wêreldbedreiging word gevind in die weiering om die Duitse staalfabrieke teen volle produksie te laat werk ten spyte van 'n nypende wêreldtekort aan staal.**


In Engeland is ten gevolge van bewapening so 'n staaltekort dat die produksie van noodsaaklike uitvoergoedere soos motorkarre in die afgelope tyd aanmerklik besnoei is, en in ons eie land is beheer ingestel oor die verkoop van staal. Inderdaad sit die Britte op die oomblik met 'n tekort van 800,000 ton staal op hul bestellings uit Amerika alleen, terwyl Frankryk nog 'n 150,000 ton nodig het.

Intussen is die Duitse staalproduksie in die Ruhr, wat 'n vooroorlogse vermoë van 15 miljoen ton 'n jaar gehad het, vasgepen op 11,000,000 ton. Kort gelede het die August-Thyssen-fabriek toestemming gevra om sy produksie van 117,000 ton na 1,000,000 ton te verhoog. Dit is deur die gesamentlike Amerikaans-Frans-Britse beheerraad geweier.

Volgens hierdie mense is Duitsland nog die wêreldgevaar en nie Rusland nie. Intussen moet Suid-Afrika op eie koste tot die tande bewapen om Europa te help verdedig teen Russiese aggressie!

## *JAPAN MOET HERBEWAPEN*

Dit is nie net alleen Japan se reg om te bewapen nie, maar ook sy plig, het John Foster Dulles, Amerikaanse reisende ambassadeur wat verantwoordelik was vir die vredesverdrag met Japan, in Tokio gesê. Dulles het gesê dat ontwapening en onsydigheid vandag nie by soewereiniteit pas nie en geen land het die reg om 'n bydrae tot die gemeenskaplike veiligheid te weier nie.

Waar u ook mag wees

**Kommando**

is die gewildste

Suid-Afrikaanse sigarette




GI-3056-AF

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op ,,Die O.B.''** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### IN MEMORIAM

SMITH. — 24 Desember 1944. Dag van herinnering, toe Hennie ons vooruitgegaan het. Nooit kan ons jou vergeet. — Oom en Tannie Junghans. 19/12/1

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**SIEKTES en Kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 2)1/9/49

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**Gryshare en baard binne een maand** tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. **Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per** bottel, posvry. **Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17. Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

*Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!*

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT

OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

Besoek ons of skryf om besonderhede

## Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika** is vandag 'n **Koninkryk** onder 'n **Britse koning:**

DIE O.B. veg vir 'n **Republiek** onder 'n **Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel **en veg vir die Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers** van **politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers** en **deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir 'n **Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike **en** ekonomiese **integrasie** van die nie-blanke en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.

DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

### *Intekenvorm*

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op ,,Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van....................*

*.............................vir die eerste................maande.*

*NAAM*..........................................................

(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*......................................................

...............................................................

...............................................................

...............................................................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

## Soos Ons Lesers Dit Sien

## O.B. NODIG TEEN ROOI GEVAAR

**Mnr. Johan Schoeman, Pk. Broederstroom, Pretoria, skryf:**

Dit spyt my dat ek my telegram aan die Grootraad nie gepubliseer het nie. Die nuwe doelstelling, nl. 'n front teen die partystelsel (wat deur my in u ,,Volkstem"-artikel in 1920 bepleit is) is goed, maar, soos ek in die telegram beweer, is daar 'n ander eis van die tyd wat veel dringender is, nl. die stryd teen die Rooi Pes wat die hele Weste bedreig.

Hier lê myns insiens die groot taak van die O.B., ja van die N. Party, en van die Westerse beskawing. Soos u sal weet slaap die Weste met Suid-Afrika inkluis. Ons besef nog nie waar die Rooi Pes voor staan nie — die algehele uitdelging van die Christendom. Ons besef nog minder dat die Kommunistiese Jood (en die groot gros van die Jode is Kommuniste) agter die Rooi Pes staan nie en gestaan het sinds die Franse Rewolusie **en vroeër!** Die onvoorwaardelike toelating van die Jode in die N. Party bewys my stelling volmaak.

Toe net na die Tweede Wêreldoorlog dr. Van Rensburg en adv. Pirow gesê het: teen die Kommunisme sal en moet ons oorlog maak, het ek gewaarsku — ons durf so 'n belofte nie onvoorwaardelik maak nie! Die redes hoef ek nou nie te herhaal nie, want in die laaste O.B. word 'n uitstekende uiteensetting hieroor deur genl. J. A. Smith gegee. **Hierdie uiteensetting hoort Die O.B. in Engels te herhaal en in sy honderdduisende in die Unie te versprei.**

Geagte Redakteur, laat Die O.B. die leiding neem in hierdie verbysterende uur en daardeur bewys dat hy bo alle partyslawerny staan.

(Die telegram waarna mnr. Schoeman verwys is op 18 September, voor die Grootraadvergadering, gestuur en het gelui: ,,U dink tog nie aan ontbinding nie. Swaarste skof voor. Die allesverterende kommunisme waarteen die partypolitiek en kerklike leiers dood is. O.B. vandag nodiger as ooit.")

## WAARHEID NODIG IN GEVAARVOLLE TYD

**Mnr. P. C. Kruger, Blinkwater, Pk. Stoffberg, skryf:**

Dit word veronderstel dat 'n koerant leiding moet gee sodat die volk kan weet wat in die wêreld aangaan, want anders hoe sal die volk weet wat om te doen? Die O.B. is, sover ek kan vasstel, die kleinste koerantjie en tog is hy in 'n sekere sin die grootste van ons koerante. Ander blaaie is groot in omvang, maar hulle bevat weinig inligting. Leersame artikels soos dié van J. A. Smith, dr. Otto Strasser, Ski en Sybrand vind mens nie in ander blaaie nie, en selfs al sou jy al die brokkies in ons dagblaaie oor 'n lang tydperk versamel, twyfel ek nog of jy die hele waarheid sal hê. Net party-nuus en sport is volop in die groot koerante, en dit terwyl die mensdom afdryf na selfvernietiging. Ons leef in 'n valse tyd en as jy wil weet hoe vals, kan jy dit in Die O.B. te lees kry, nêrens anders nie. Om 'n paar van die leuens te noem: Die groot demokrate het vertel dat hulle oorlogvoer om die demokrasie te bestendig, maar hulle skep 'n stelsel met die veto-reg waardeur die wêreld onder die diktatuur van Stalin se ja en nee geplaas word.

Op ons regering se uithangbord staan ook die woorde ,,demokrasie", maar die regering het nie die volk geraadpleeg voordat hy oorlogsverpligtinge in die buiteland aanvaar het nie. En wie moet dit bekostig? Nou word beweer dat dit teen die kommunisme is, maar wat van die liberalis wat maar 'n sussie van die kommunisme is en ook vir gelykstelling tussen swart en wit is? Sal ons beter daaraan toe wees as ons die kommunisme gaan verslaan en die liberalisme word baas oor ons? Ons het ook teen nasionaal-sosialisme in Europa gaan veg en die kommunisme het tevoorskyn getree as die baas. Ons erken nou dit was 'n fout, maar sal ons nie ook te laat erken dat wat ons nou wil doen 'n fout is nie?

Die Britse Empire kan nie voortbestaan tensy gelykstelling tussen wit en swart ingevoer word nie en ons regering is besig om groot maats met die Empire te word. Is dit nie tyd om eerder met die Empire te breek as ons blank wil bly nie?

Ek was nooit in dieselfde politieke span met wyle genl. Smuts nie, maar hy het 'n paar vrae gestel wat werd is om te onthou: Sal die blanke bloed in Afrika weer verswelg word deur die naturellebloed? Sal die son van die blanke in Afrika ondergaan om nooit weer op te kom nie? Die twee grootste gevare vandag wat hierdie twee vrae bewaarheid wil laat word, is die kommunisme en die Britse Empire. As hier eers eenmaal 'n bastervolk is, is die blankedom vir goed uit Afrika. Mag die O.B.-blad lank lewe en daarin slaag om ons volk uit sy slaap te wek voordat dit te laat is. Veral die Christendom het dit nodig om te weet wat in die hele wêreld aangaan. Plant maar, God sal die wasdom gee.

## Kersgroete

**VOORSLAG (EDMS.) BEPERK**

DIE DIREKSIE EN PERSONEEL VAN VOORSLAG (EDMS.) BEPERK wil langs hierdie weg lesers van ,,Die O.B.'', ander ondersteuners en adverteerders 'n aangename Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toewens.

DIE REDAKSIE wil graag erkentlikheid en waardering betuig teenoor die lesers en leseresse van ,,Die O.B.'' vir die talryke blyke van aanmoediging wat gedurende die afgelope jaar van hulle ontvang is. Dit is vir die Redaksie baie aangenaam om elke leser 'n geseënde Kersfees toe te wens, en 'n gelukkige en voorspoedige Nuwe Jaar.

DIE STAFHOOF EN PERSONEEL VAN DIE KAAPLANDSE HOOFKWARTIER wil graag alle offisiere en brandwagte, seën met Kersfees en voorspoed met die Nuwe Jaar toewens.

**Aan die K.G., A.K.G.** en al ons O.B.-vriende ons beste wense vir 'n geseënde Kersfees en Nuwe Jaar. — **Jan, Hannie en Petra Wasserman.**

'n Gelukkige Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar aan al ons O.B.-vriende.— **A. P. Stemmet en gesin,** Robertson.

Die Grootraad, Gebiedsraad en al die offisiere en Brandwagte van ons generaalskap word 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar toegewens deur **Genl. J. L. Swart en gesin.**

**Die Boerejeug van Oudtshoorn** wens ons K.G., Jeugleier en A.K.G., alle offisiere en lede 'n geseënde Kersfees toe en mag die Nuwe Jaar nuwe moed bring.

**Jeugkomdt. Hitge en gesin** wens alle offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwe Jaar toe.

Aan K.G., A.K.G., Grootraad en alle O.B.-offisiere en -brandwagte ons beste wense vir 'n geseënde Kersfees en baie voorspoedige Nuwe Jaar. Lank lewe die O.B.! — **Mnr. en mev. D. J. M. Cronje,** Rondebos, Heilbron.

**Mev. en generaal J. D. de V. Truter** wens alle vriende en offisiere in die O.B. 'n geseënde Kersfees en voorspoed in die Nuwe Jaar toe.

**Mnr. en mev. J. J. Hugo** komt(e)., van Franschhoek wens die lede van die plaaslike kommando's en alle O.B.-vriende en -vriendinne 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar.

**Mnr. en mev. W. R. Laubscher** en gesin, De Vosstraat, Stellenbosch, wens alle O.B.-vriende en -vriendinne 'n geseënde Kersfees toe en baie voorspoed en geluk in die Nuwe Jaar.

Aan alle offisiere en brandwagte van die O.B., aan alle lede van die Boerejeug ons beste wense vir 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar. Na 300 jaar sien die Afrikaanse volk reikhalsend uit na die koms van 'n eie, onafhanklike Suid-Afrikaanse republiek. — **Prof. en mev. D. J. van Rooy.**

Namens my gesin en O.B.-kommando wens ons die K.G., A.K.G., Gebiedsleiers, Gebiedsvroue en hul gesinne en alle offisiere en brandwagte 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar toe. Mag 'n nuwe daeraad vir ons beweging in die Nuwe Jaar aanbreek. — **Komdt. E. L. Steyn.**

Aan een en almal van ons kamerade en O.B.-vriende dink ons in hierdie Kersgety. Ons bede is dat u begunstig word met die beste uit Sy gawes en dat ons strewe vir 'n Onafhanklike Staat bekroon sal word met moed en krag. —**Oud-H/Genl. en mev. J. F. van der Merwe.**

Aan K.G., A.K.G., Offisiere, Brandwagte en al ons vriende(-inne) ons beste wense vir 'n geseënde Kersfees en mag die Nuwe Jaar vol sonskyn wees. — **Komdt. en mev. W. J. de Bruin en Alida,** Lydenburg.

**Komdt. J. Ras,** Riversdal, en gesin, wens die A.K.G. en alle offisiere en lede van die Ossewabrandwag 'n geseënde Kersfees en gelukkige Nuwe Jaar. Staan maar pal.

Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar aan alle kamerade van die O.B. Ons geloof in die toekoms bly soos altyd onwrikbaar vas. — **Genl. en mev. J. A. Smith.**

**Eerw. en mev. W. van der Merwe** van Hartebeesfontein wens hiermee al die offisiere en brandwagte 'n baie geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toe. Hou moed en wees sterk!

Ons wil ons Grootraad, K.G., A.K.G., ons offisiere en brandwagte 'n baie geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toewens. Mag ons almal besiel word met meer moed. — **Genl. en mev. J. W. Meyer.**

Aan K.G., A.K.G., alle offisiere en brandwagte wens ons 'n baie geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar toe. Mag 1952 vir almal inhou die verwesenliking van ons ideaal. — **Mnr. en mev. Theunis Mulder.**

**Mnr. en mev. R. P. van Rooyen,** van Brooklyn, Kaapstad, wens aan alle staatmakers en kanniedoods 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar. Lank lewe die Ossewabrandwag!

Geagte Kommandant - generaal en Adjunk-leier, Kamerade dwarsdeur Suid-Afrika, mag u waardig bevind word om in die Nuwe Jaar die Kersboodskap van liefde, eensgesindheid en ware Republikeinse vryheid uit te leef. — **F. W. Burnett, Komdt., Port Elizabeth.**

Ons allerbeste wens vir 'n gelukkige Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar aan alle volksgenote. Ges. 20: 9. — **T. en J. Theron en Gesin.**

## RUSLAND HET BAIE ATOOMBOMME

**Volgens inligting van agter die Ystergordyn beskik Rusland tans oor ongeveer 70 atoombomme van die Hiroshima-tipe en 'n kleiner getal bomme van groter krag. Daarbenewens het die Sowjet reeds begin met die produksie van atoombomme vir gebruik teen troepe — iets waarmee die Amerikaners 'n paar maande gelede proefnemings gedoen het.**

(Vervolg van bls. 1, kol. 5.)

wou vermy — tensy hulle 'n kompromis aanvaar wat hul prestige dwarsdeur Asië sou vernietig.

**,,Deur 'n swak beleid te volg het ons geen troepe in Korea vrygestel nie, maar inteendeel was ons verplig om meer troepe daarheen te stuur, sonder die voordeel van 'n beslissing wat die hele wêreld gunstig sou beïnvloed het, die Russies - Sjinese bondgenootskap sou verbreek het en die Kremlin 'n harde slag met verreikende gevolge sou toegedien het."**

# V.S.A.-BLAD SE DROOM OOR DERDE WÊRELDOORLOG EN GEVOLGE

**Dit is 'n teken van die histories-politieke rypwording van die Amerikaanse volk dat tans minstens 80 persent van die Amerikaanse volk 'n derde wêreldoorlog — die magstryd tussen die enigste oorgeblewe wêreldmoondhede, Rusland en Amerika — as onvermydelik beskou.**

**Maar terselfdertyd maak die Amerikaanse pers hom nog steeds skuldig aan „verbeeldingspolitiek" en die verdoeseling van feite. Aanleiding tot hierdie artikel is die buitengewone uitgawe van die groot Amerikaanse tydskrif Collier's van 27 Oktober onder die opskrif „Toekomsblik op die Oorlog wat ons nie begeer nie" met die onderskrif: „Rusland se Nederlaag en Besetting, 1952—1960."**

Deur
dr. Otto Strasser

Wat hierdie publikasie belangriker maak as 'n blote sensasieberig is die medewerking van talryke hoogstaande persone in die openbare lewe van sowel die publiek as die pers onder wie die Roosevelt-raadgewer Robert E. Sherwood, senator M. C. Smith, militêre kritikus Hanson W. Baldwin, die radiokommentators Walter Winchell en J. B. Priestley, vakbondleier Walther Reuther en 'n leërskare ander meer en minder bekende joernaliste onder leiding van Arthur Koestler en Marquerite Higgins. Ten slotte verklaar die bombastiese voorwoord van die redaksie dat dit nie minder as tien maande en 'n ontsaglike klomp geld gekos het om die werk voor te berei nie, wat — volgens die beskeie woorde van die hoofopsteller, Sherwood — „volgens my mening die verloop van die geskiedenis weldeeglik kan beïnvloed."

### DOM

Hierdie fantasiebeeld wat die Amerikaanse pers gee van die Derde Wêreldoorlog, sy ontstaan, sy verloop en uiteindelik sy gevolge, is net so skrikwekkend as wat dit dom is — net so gevaarlik en onthullend. Die Derde Wêreldoorlog breek uit as gevolg van 'n moordaanslag op Tito.

Laat ons nou die militêre verloop van die oorlog neem, wie se verouderde gegroefdheid slegs deur sy strafbare optimisme oortref word: Die Derde Wêreldoorlog breek uit as gevolg van 'n moordaanslag op Tito op 10 Mei 1952. Hierdie moordaanslag is maar net 'n slegte nabootsing van die aanslag op Hitler op 20 Julie 1944: 'n tydbom ontplof en die leier bly ongedeerd waarna hy die aanrukkende Komintern-troepe suksesvol in die berge weerstaan. Hierdie heldhaftige voorbeeld van hul liefling Tito besiel die massas van Europa en Amerika tot so 'n mate dat hulle ten spyte van talmende regerings besluit om hulp te verleen aan Tito met die gesamentlike gewapende magte van die V.V.O. — en Eisenhower se NATO-leër vooraan. Op 14 Mei 1952 dans die poppe dan eers werklik. (Die opstellers hoop dat die Atlantiese Verbond tot hulpverlening aan Tito kragtens verdrag verplig is, wat natuurlik in stryd is met die bekende feite op hierdie oomblik en wat in Frankryk en Duitsland nogal met groot belangstelling verneem sal word!)

### DUITSLAND NIE GENOEM

Die militêre verloop is dan ook net so 'n swak nabootsing van die Tweede Wêreldoorlog. Die eerste fase besorg aansienlike welslae vir Rusland in Europa en Oos-Asië, maar dit geluk die militêre genie Eisenhower om selfs sonder die hulp van die Duitsers of die Spanjaarde (van eersgenoemde word ook maar net meegedeel dat hulle die model verskaf het vir al die Rooi misdade!) die Russiese aanval in „Wes-Europa" seëvierend tot stilstand bring, waardeur tussen die reëls aangedui word dat dit aan die Ryn-linie geskied, met Duitsland as verwoeste voorveld waaruit die Eisenhowerleër „met swaar agterhoede-gevegte" teruggetrek het — waarby die Russe die „armsalige massas Duitse vlugtelinge gebruik om die Geallieerde mynvelde skoon te maak," soos Sherwood dit uitdruk. Hierteenoor val Korea as 'n Oos-Asiatiese Duinkerke in die skoot van die Rooies.

### ATOOMBOMVLOED

Die teenoffensief van die Amerikaners — wat net soos al die ander troepe ook onder bevel van die V.V.O. veg — bestaan uit reusagtige atoombomaanslae op die Russiese basisse. „Ons bomwerpereskaders het 'n ononderbroke ketting atoomaanvalle volgehou waarvan selfs die verbeeldingrykste skrywers nooit gedroom het en wat met die hulp van God ook nooit weer uitgevoer sal word nie," aldus die vrome Sherwood. „Hierdie atoomaanvalle is ononderbroke met die presiesheid van 'n horlosie vir drie maande en 16 dae volgehou," droom hy verder.

Onder hierdie vernietigende teenaanval, wat die Russe slegs in die verhouding 1 tot 100 kon beantwoord (volgens Sherwood) ontstaan dan die tweede fase van die oorlog, die „defensiefoffensiewe" fase waarin die V.V.O.-troepe van Eisenhower uiteindelik hul posisie in Europa verstewig, waarin die Amerikaanse vloot en lugmag die Russiese lugaanvalle van uit Alaska oorwin en waarin 'n groot Japanse leër in die Ooste die ewewig verskaf. (In hierdie derde fase tree Spanje ook tot die oorlog toe, maar Duitsland is blykbaar so onder die stof van weerskante af gebombardeer dat Sherwood nooit eers sy naam in sy „historiese berig" noem nie.

### DROOMEINDE

Die derde fase bring die glorieryke einde: Kruisvaarder Eisenhower herhaal sy heldedade van 1944/45: hy bevry Pole en Tsjeggo-Slowakye, Hongarye en Roemenië, die Ukraïne en Wit-Rusland, waarna die Sowjet-Unie te niete gaan, Stalin spoorloos verdwyn en die Russiese volk en leër onder 'n daaglikse bombardement van 55 miljoen vlugskrifte (woordeliks op bladsy 70 van die Sherwood-artikels te lees, waarin Sherwood homself seker as die opsteller van hierdie miljoene-vloed sien!) uiteindelik tot die geledere van die V.V.O. toetree. Laasgenoemde bied onder die „Verklaring van Denver-Colorado" die volke van Rusland, Sjina en die satellietlande 'n waarborg aan dat geen herstelbetalings van hulle geëis sal word nie, dat geen oorlogsmisdaad-verhore sal plaasvind nie en dat hulle almal dadelik tot volle lidmaatskap van die V.V.O. verhef sal word sonder 'n proeftydperk soos in die geval van die Tweede Wêreldoorlog. Die V.V.O. het ook besluit dat slegs die randgedeelte van Rusland beset sou word en dat die Russe hulself op politieke en ekonomiese gebied kon regeer ooreenkomstig hul eie begeertes. Amerikaanse dollarmiljarde word verder bestee aan opheffing en behuising van die „gawe Russiese volk" vir wie se lof strome drukkersink gebruik word — slegs deur die lof vir Tito oortref.

### ATOOM-DIKTATUUR

**En dan volg die wêreldregering in die vorm van 'n V.V.O.-atoomkommissie! Maar dit moet 'n mens woordeliks lees: „Die V.V.O. roep 'n internasionale polisiemag op land, ter see en in die lug in die lewe wie se vernaamste doel is die ontwapening van alle lande (sowel die oorwinnaars as die onsydiges!) binne tien jaar na beëindiging van die oorlog. Die V.V.O. stel 'n atoombeheerkommissie aan ooreenkomstig die voorstel van**

## Loop uit op Internasionale Diktatuur met Atoombom

**Baruch-Acheson-Lelienthal . . . Hierdie nuwe V.V.O.-atoomkommissie beklee die sleutelposisie in die totstandbrenging van 'n verenigde wêreldfederasie ter bewaring van die vrede."**

**Mens lê die blad neer sonder om te weet of jy jou meer moet verwonder oor die bedrog van die Amerikaanse pers ten opsigte van oorlogsvooruitsigte of meer onthits moet wees oor die bedekte oogmerke wat uit die beoogde vredesluiting blyk.**

### SELFOORSKATTING

Die militêre uitbeelding is baie swak en toon 'n groteske oorskaating van die Eisenhowerleër (L.W. sonder die Duitsers en Spanjaarde, sonder die Swede en Switsers, wie se onsydigheid uitdruklik bepaal word — maar wat hulle darem nie vrywaar van die algemene ontwapening deur die atoom-wêreldregering nie!) net soos dit 'n ewe groteske onderskatting openbaar

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van voorgaande kol.)

van die Russe, wie se aanvalsleër byvoorbeeld maar net op 'n half miljoen man gestel word, terwyl alleen die satelliet-lande van Rusland meer as 'n miljoen man slaggereed het.

Nog onsmaakliker as die dromery oor die oorlogsverloop is die propaganda in verband met die na-oorlogse oplossing: **volledige vernietiging van alle nasionale onafhanklikheid en die oprigting van die Baruch-Lilienthal-atoomdiktatuur.**

**Dit openbaar 'n diepere strekking van die Sherwoodse gedagtegang wat inderdaad die „verloop van die wêreldgeskiedenis kan beïnvloed."**

## BRITTE MOEG VIR PARTYE

Die oorgrote meerderheid van die Britse volk begeer 'n nasionale front-regering ten spyte van die skerp, byna gelyke verdeling tussen die Konserwatiewe Party en Arbeidersparty, volgens Intelligence Digest. Die blad voeg daaraan toe dat dit 'n eienaardige verskynsel is dat dié politieke verdeeldheid bestaan langs die begeerte tot 'n breë nasionale front bo die partypolitiek. Miljoene kiesers het geen vertroue in een van die bestaande groot partye nie, maar hulle weet nie hoe om 'n verandering te weeg te bring wat die beste persone uit al die partye aan bewind sal plaas nie.

## STYGENDE PRYSE EN GROTER WINSTE VIR OLIEMAATSKAPPYE

**Die prys van petrol is verlede week met nog 'n pennie verhoog — die derde verhoging binne een jaar. Waar petrol voor die oorlog nog 1s. 4d. per gelling aan die kus gekos het, is die prys tans 2s. 9d. In 1948 was dit nog 1s. 9d. — 'n styging dus van byna 60 persent in drie jaar. In dieselfde tyd het die lewenskoste, volgens amptelike syfers, met ongeveer 25 persent gestyg.**


Die verhoging van die petrolprys wat toegestaan is terwille van die oliemaatskappye se verhoogde vervoerkoste staan in skrille kontras met die geweldige winste wat hierdie ondernemings nog steeds maak. 'n Maand nadat die Suid-Afrikaanse regering die petrolprys verlede jaar met 2d. per gelling verhoog het „omdat die oliemaatskappye nie kan uitkom nie," het die groot Shell-kombinasie aangekondig dat hy sy diwidend vir daardie jaar verdubbel na 15 persent.

Die winste wat oliemaatskappye vandag maak is enorm en beloop miljoene ponde. Die Anglo-Iranian Oil Company se wins het verlede jaar £33 miljoen beloop!

In 'n verklaring oor die petrolprys beveel die Automobile Association van Suid-Afrika aan dat die regering hom moet beywer vir 'n konferensie tussen petrolverbruikende lande wat die toestand in oënskou kan neem en optrede oorweeg teen die „olie-empires."


*SY LEWE WAS OP DIE SPEL . . .*

**'n Operasie was dringend nodig!**



Dit het alles so skielik gebeur—Johan Theunissen het nie eers geweet dat hy siek is nie—ernstig siek—totdat hy in die hospitaal bykom en Nellie en die kinders, bleek en beangs, om die bed sien staan. Sy lewe was in gevaar en daar was net één hoop—'n noodoperasie deur 'n spesialis.

'n Duur operasie! Maar gelukkig sou daar uitkoms wees, want op Johan se Sanlam-polis sou hulle 'n lening—*sonder rente*—kon aangaan, om die onkoste van die operasie en hospitaal te help dek . . . .

● **Hoe sou U in so 'n noodgeval vaar? Sou U 'n bron hê waar u gehelp kan raak? Vir u eie ontwil en die van u gesin, vra VANDAG hoedat Sanlam u in tyd van nood kan help.**

●

Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.
*Hoofkantoor:*
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral

**Daar is altyd uitkoms by Sanlam!**

SANLAM

Sanlam, Afdeling 17b, Posbus 660, Kaapstad.
*Laat my asb. dadelik weet hoe ek rentevrye lenings vir noodoperasies kan aangaan.*

NAAM: ..........................................
ADRES: ..........................................
..........................................
*Beroep:* .................. *Ouderdom volgende Verjaarsdag* ..........

# Omstandigheid Stel Eise aan O.B.

( Vervolg van bls. 1, kol. 4.)

**is waardeur die blanke heerskappy in Afrika behou kan word.**

Hy verlang dat die grondslag van Suid-Afrika se buitelandse beleid die eis om leierskap in Afrika moet wees ten einde die vasteland in permanente blanke en nie-blanke gebiede te verdeel. **Hy veroordeel beslis die gelykstellingsbeleid tussen wit en swart wat deur die Britse regering en sy trawante uit Londen bepleit word; en hy veroordeel ewe onomwonde die regering en die opposisie se beleid van die ekonomiese integrasie van die nie-blanke in die blanke huishouding sowel as die sogenaamde leerstelling van parallelisme wat 'n uitvloeisel van voorgenoemde integrasiebeleid is. Die O.B. waarsku dat hierdie beleid die verkragting van apartheid beteken.**

Oppervlakkige apartheidsmaatreëls ten aansien van kieserslyste, huwelike, treine, poskantore, ens. — hoe wenslik dit ookal mag wees — sal die blanke beskawing nie „red" nie, nog minder die blanke heerskappy „beveilig." **Dit is lap-apartheid waardeur Suid-Afrika slegs die vyandskap van die wêreld verwerf sonder dat hy die voordele van apartheid daardeur verkry.**

**Die O.B. glo aan algehele politieke, maatskaplike en ekonomiese apartheid. Hy glo dat apartheid 'n Afrika-beleid is wat eerder in die internasionale politiek tuishoort as in die partypolitiek van ons land.**

## VOLKSBEGEERTE

Dit is sommige van die belangrikste standpunte wat die O.B. in die jaar wat ten einde loop beklemtoon het. En die feit dat die O.B. hierdie standpunte ingeneem het gaan sommer in die onmiddellike toekoms eise aan hom stel — want geen politieke party bely hierdie standpunte nie. Inteendeel die partye beveg en verswyg dit. Derhalwe geniet dit nie die aandag wat dit verdien nie. Nogtans is daar duisende mense in ons land — binne en buite die O.B. — wat glo dat hierdie en verwante standpunte heeltemal reg is en wat verlang dat hierdie standpunte in die praktiese politiek van die land geskuif moet word. Die O.B. sal met hierdie begeerte terdeë moet rekening hou.

As 'n mens 'n standpunt ingeneem het ten gunste van 'n saak, en ander raak daarteen gekant, dan is die onvermydelike gevolg dat jy daarvoor moet stry — saam met enersdenkendes as dit kan, alleen as dit moet. In die lig van die nasionaalgesinde politieke partye se koersverandering sedert bewindsoorname — wat in die omgang hul „versapping" genoem word — blyk dit dat die O.B. sal moet stry vir die nasionale Afrikaners se ideale.

## LES EN UITDAGING

Dit is treffend dat die slim planne wat die beroepspolitici van die nasionale partye in 1951 beraam het, in stryd met hulle verwagtings, nie die dood van die O.B. bewerk het nie maar daarenteen die O.B. se vryheid van aksie herstel het. Bowendien is dit juis hierdie selfde politieke partye se foute en versakings wat die sterkste eise aan die O.B. stel om 'n daadwerklike stryd te voer. Dit is ongetwyfeld die vernaamste les wat 1951 vir die O.B. geleer het: Daar is 'n stryd te stry! Dit is meer as 'n les. Dit is 'n uitdaging aan die O.B. — 'n uitdaging wat in die nuwe jaar en die daaropvolgende jare aanvaar sal moet word.

Die jaar 1951 mag nie 'n skouspelagtige jaar gewees het nie. Dit mag selfs 'n prosaïese jaar gewees het. Maar niemand sal ontken dat dit 'n beslissende jaar vir die O.B. was nie. Dit was die jaar wat die O.B. moes kies: òf om vergetelheid te soek in die buik van 'n politieke party; òf om sy historiese roeping te vervul deur eervolle voortsetting van die republikeinse Afrikanervolk se stryd.

Die O.B. het die stryd gekies.

# S.A. SE VERLIESE NA VERHOUDING SWAARSTE IN KOREA

**Die Amerikaanse departement van verdediging het verlede week bekend gemaak dat die V.S.A. tot dusver 583 vliegtuie in gevegte verloor het in die Koreaanse oorlog. Die getal wat in ongelukke verloor is, is ruimskoots net soveel indien nie meer nie, is verklaar.**

**Hierdie syfer werp 'n interessante lig op die verhouding tussen Amerikaanse en Suid-Afrikaanse verliese in die lug. Suid-Afrika het reeds 45 vliegtuie verloor in gevegte en ongelukke. As die Amerikaanse syfer verdubbel word om voorsiening te maak vir ongelukke, beteken dit 26 Amerikaanse vliegtuie vir elke 1 Suid-Afrikaanse vliegtuig. Amerika se bevolking staan tot die blanke bevolking in die Unie in die verhouding van 60 tot 1. Daar kan dus gesê word dat Suid-Afrika na verhouding dubbel die bydrae in die lug lewer as Amerika. Daarteenoor moet in ag geneem word dat Suid-Afrika geen grondtroepe in Korea het nie.**

**Maar Noord-Korea is deur die Amerikaanse regering ná die oorlog aan die Kommuniste uitgelewer — daarin het S.A. geen sê gehad nie.**

# Motors Duurder En Skaarser

Amerikaanse motors sal binnekort nog duurder word nadat die V.S.A.-regering fabrikante in kennis gestel het dat hulle om hoër prysgrense kan aansoek doen. Dit sal die derde prysverhoging wees sedert die pryse van motors 'n jaar gelede vasgepen is.

Intussen het ook Britse motors aansienlik duurder geword as gevolg van hoër staalpryse en lone.

'n Vermindering van 20 persent in die toekenning van staalplaat aan die Britse motorbedryf het 'n daling in die produksie meegebring.

Die produksie van passasiersvoertuie het teen die end van Augustus reeds 'n 8 persentdaling getoon en sal vanjaar waarskynlik 420,000 beloop teenoor 522,000 verlede jaar. Een beherende maatskappy het sy opbrengs onlangs met 50 voertuie per dag verminder, terwyl slegs twee van die vier produksielyne van 'n ander maatskappy tans in werking is.

# BRITTANJE ONGENEË OM EUROPESE EENHEID TE SKEP

**Amerika se politieke leiers is diep teleurgestel in die houding van die Churchill-bewind ten opsigte van groter Europese eenheid, en die aangeleentheid sal 'n belangrike plek inneem in die samesprekings tussen Truman en Churchill net na Nuwejaar.**

Die Amerikaanse regering het gehoop dat Churchill 'n meer realistiese beleid ten opsigte van Europese eenheid sou volg as die Arbeiderbewind, maar tot sover was daar nie die minste aanduiding van so 'n beleidsverandering nie. Brittanje wil geen vinger verroer om hom by die Europese vasteland te laat inskakel en daardeur groter welvaart in Europa te weeg te bring nie.

Amerika glo dat Europa as 'n eenheid net so welvarend kan wees as hy, en daarom gaan hy eise in dié rigting stel wanneer Europese lande by hom kom aanklop om hulp. Brittanje is een van die lande wat onlangs besluit het om weer die hand bak te hou vir Amerika.

**Die Britte wil egter niks met 'n Europese federasie te doen hê nie omdat hulle met hul Empire of Statebond selfgenoegsaam voel. Hulle sien kans om met die Empire teen Europa te kompeteer.**

'n Federasie met Europa sou beteken dat Brittanje sy ryk in Afrika en elders saam met Duitsland en Frankryk moet deel. Daarvoor sien die Britte nie kans nie — in elk geval nie solank die Empire hom op die been kan hou nie.

# VERDUBBELING VAN WINSTE

**Te oordeel na jaarverslae wat gepubliseer word, steek die handel en nywerheid die kop steeds hoër uit bokant die stygende lewenskoste waarin die verbruiker besig is om te verdrink.**

**Norman Anstey se winste het van £84,403 verlede jaar gestyg na £96,995 vanjaar. Rhodesia Cement se winste het van £88,049 gestyg na £105,467. Primrose Brick Works het sy winste verdubbel van £47,020 tot £97,202. Chapelat se winste het van £6,140 na £15,437 gestyg. United Clothing se winste het van £73,638 tot £120,469 gestyg. Finn Brothers and Lawrie het sy winste verdubbel na £26,000.**

**Met die hoë pryse van tee is dit ook geen wonder dat teehandelaars 'n besonder gunstige verslag kon lewer nie. Beckett and Co. se winste het naamlik van £140,000 in 1950 tot £181,000 vanjaar gestyg.**

**Amptenare is nie toegelaat om by die Fakkelkommando aan te sluit nie, volgens 'n aankondiging van die waarnemende minister van binnelandse sake, mnr. P. O. Sauer, wat lui dat die Fakkelkommando 'n politieke organisasie of 'n organisasie met 'n politieke strekking skyn te wees.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.


**WONDERLAND VIR REISIGERS**




Grootmense vergeet nooit hul kinderdrome nie, toe alle reise hulle na 'n wonderland weggevoer het. Vir almal van ons is daar nog steeds opwinding in 'n kragtige lokomotief, 'n opstygende vliegtuig, en 'n voortsnellende motorkar. Suid-Afrika was nog altyd 'n land waarin die bergpasse en die grootpaaie onder 'n helder blou lug 'n besondere bekoring aan reise verleen. Hierdie wonderland vir reisigers is binne ons bereik gebring deur die groot vervoerstelsel van ons land, wat die spoorwee, die lugdiens en die padmotordiens behels.




SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË · LUGDIENS PADMOTORDIENSTE

WIK



Hierdie bekende Rembrandt-figuur simboliseer dit wat betroubaar en die moeite wêrd is in tabakvervaardiging. Dit staan vir Rembrandt kurk, ongekurk en Filter de Luxe, en ook Rembrandt VAN RIJN, die ideale dineesigaret—name opreg beroemd vir die uitstaande kwaliteit wat dit aan rokers bied.

ELKE REMBRANDT-SIGARET 'N MEESTERSTUK

Kopiereg R.A. 105